

Les 34

Johannes 16: 1 - 3

1. Inleiding

Hoofstuk 16 vorm deel van die vaarwel diskoers gedeelte uit die boek Johannes. Hierdie gedeelte wat strek rofweg vannaf hoofstuk 14 tot 16, deel aan ons Jesus se afskeidswoorde aan Sy dissipels mee. En hoofstuk 16 het soos baie goeie teksgedeeltes 'n struktuur. Ons sien in hierdie struktuur 'n omarming. Die eerste verse begin by die feit dat gelowiges hier op aarde swaarkry sal ervaar. En die laaste paar verse bevestig weer hierdie gedagte. Maar dit is dit wat tussenin staan wat vir die gelowiges hoop gee.

2. Die Trooster

Die tweede onderafdeling in hoofstuk 16 hander oor die Heilige Gees. Trouens dit is noga altyd een van die toonaangewende teksgedeeltes oor die Heilige Gees in die Bybel. Dit woord in die oorspronklike teks is die woord: Parakleet: Dit is die Griekse woord wat beteken iemand wat geroep is om bystand te verleen — 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster, 'n helper.

En dit is ook waarin ons die werk van die Heilige Gees in opsom. Die Heilige Gees kom bevestig die werk en die boodskap van Christus hier op aarde. En die boodskap van Christus is natuurlik net weer wat Hy ook by die Vader hoor. Hierin lê die volmaakte eenheid van die drie-eenheid ook opgesluit.

Wanneer vers 8 in isolasie gebestudeer word, voel dit onsamehangend en teensrtrydig. Die vraag is hoe kan Christus die wêreld oortuig van sonde en geregtigheid en ook die oordeel. Maar vers 9 — 11 spel elkeen van hierdie komponente duidelik uit.

Laastens is dit hieruit duidelik dat die Heilige Gees tog wyer as net in die gelowiges aan die werk is. Die gedagte wat in die griekse woord kosmos vasgevang word in Johannes speel ook hier 'n duidelike rol.

3. Droefheid en blydschap

Laastens kyk ons na droefheid en blydschap in vers 16 tot 24. En in hierdie kontras is dit ook belangrik om dadelik die parallele te sien. Die droefheid word in parallel met 'n korte tydskuur gestel, terwyl die blydschap in parallel met die langer tydskuur gebring word. Die vergelykings wat dan gebruik word, is natuurlik dan baringsnood. Die swaar moeilike tyd word heeltemal oorskadu met die uiteindelijke vreugde.

Dit openbaar aan ons dat alhoewel die Trooster of te wel die Heilige Gees aktief werksaam is onder ons vandag, is daar steeds swaarkry. En ons weet die ook baie goed vandag. Daar is pyn hartseer en moeilike situasie ook in die gelowige se lewe vandag. Maar ons kan vashou aan die feit dat dit uiteindelik nie sal opweeg teen dit wat kom nie.

4. Die oorwinnaar

Die teksgedeelte sluit af met die versekering dat ons deel is van die wenspan. Christus het reeds die wêreld oorwin. Daarom maak dit nie saak hoe swaar dit nou gaan nie, ons ken die uiteinde van hierdie situasie.

5. Teks met Teks vergelykings

1. Jesaja 66:14
2. Johannes 15:26
3. 1 Korinthiërs 3:1
4. 2 Korinthiërs 2:14
5. 2 Timoteus 3: 1 - 6
6. Openbaring 19:10

6. Vrae.

1. Beskryf die belang van afskeidswoorde?
2. Beskryf die lot van die Gelowige op aarde?
3. Bespreek die werksruimte van die Heilige Gees?
4. Bespreek die boodskap van die Heilige Gees?
5. Verduidelik hoekom daar hoop in jou is of dan nie in jou is nie?

7. Bronne

1. John 16:1–15 deur D. Moody Smith, Interpretation: A Journal of Bible and Theology, Volume 33 Issue 1, January 1979.
2. The Function of the Paraclete in John 16:7-11
Author(s): D. A. Carson
Source: Journal of Biblical Literature, Vol. 98, No. 4 (Dec., 1979), pp. 547-566 Published by:
The Society of Biblical Literature